InfoKerk
Nuusbrief
Maart 2009

Geagte Winkerk Gebruiker,

Ons glo en vertrou dat u 'n baie aangename 2009 beleef en dat die res van die jaar vir u net mooi dinge mag inhou.

SALCON

Salcon is gesamentlik deur programmeerders van Infokerk en 'n span van ouditeure en rekenmeesters ontwikkel. Die program is oor 'n tydperk van 2 jaar deur ouditeure in die praktyk getoets en ontfout. Die doel met die ontwikkeling van Salcon was om 'n bekostigbare en gebruikersvriendelike oplossing aan gemeentes te gee om self hulle eie salarisadministrasie te kan doen en om terselfdertyd ook aan die vereistes van SARS te voldoen om die IRP 5 inligting elektronies by SARS te kan indien. SALCON word tans beskikbaar gestel teen die openingsprys van R1200 plus R68 per maand. Kliënte is dan ook geregtig om jaarliks die nuwe belastingtabelle te ontvang vir gebruik in die nuwe jaar.



Indien u gemeente nog nie 'n faks na ePos nommer het nie, kan u gerus vir ons 'n epos stuur na infokerk@global.co.za en ons sal gratis aan u gemeente sodanige nommer toeken. Die nommer word gekoppel aan die eposadres van die gemeente en die fasiliteit werk soos volg:
U gee hierdie nommer vir mense as hulle vir u 'n faks wil stuur.
Die faks kom dan as 'n epos tussen u ander eposse in. U sal self kan verstaan wat al die voordele hieraan kan wees.

1. U rekenaar of faksmasjien hoef nie aan te wees nie en u kan steeds die faks ontvang.
2. Fakse kan nou maklik elektronies geberg word.
3. Dit kan maklik weer "geforward" word ens. ens
4. Die gehalte of kwaliteit is gewoonlik baie beter as gewone fakse.

Soos u almal bewus is, is daar elke jaar 'n styging in die maandelikse lisensiefooie en sal dit ook weer 1 April 2009 plaasvind. Die styging is hierdie jaar ongeveer 5.0% wat dus ongeveer 3% laer is as die 2008 aanpassing. Ons wil in die huidige ekonomiese omstandighede gemeentes tegemoetkom deur die aanpassing so klein moontlik te hou. Die aanpassings word in die onderstaande tabel vir u aangedui.

Interval (Aantal Lidmate)	Tarief per maand		Interval (Aantal Lidmate)	Tarief per maand
1 – 99	R60		2251 – 2500	R150
100 – 175	R85		2501 – 2750	R155
176 - 250	R100		2751 – 3000	R160
251 - 500	R110		3001 - 3250	R165
501 - 750	R115		3251 - 3500	R170
751 - 1000	R120		3501 - 3750	R175
1001 - 1250	R125		3751 - 4000	R180
1251 - 1500	R130		4001 - 4250	R185
1501 - 1750	R135		4250 - 4500	R190
1751 – 2000	R140		4501 – 5000	R200
2001 – 2250	R145		5000 +	POA
Gemeentes wat Finkerk Plus gebruik betaal R30-00 per maand ekstra vir Finkerk.				



In meegaande grafiek kan u ook sien dat 78 % van alle gemeentes wat Winkerk in die RSA gebruik in die kategorie van 1 tot 1000 belydende lidmate val en gevolglik slegs R120 per maand of minder betaal.

Ons wil graag ook vir gemeentes daarop wys dat die maandelikse bedrae wat in 'n onlangse Argief omsendskrywe vervat is, niks met die gebruik van Winkerk te doen het nie, maar slegs met die sentralisasie te doen het.

Ons wil dit graag weer onder gemeentes se aandag bring dat die maandelikse lisensiefooi gemeentes in staat stel om gedurende ons kantoorure die kantoor in u sinodale area te skakel vir telefoniese ondersteuning. Verder is u geregtig om Winkerk te mag gebruik op soveel rekenaars in die gemeente soos u behoefte is. Die enigste vereistes is dat dit in belang van u gemeente moet wees, natuurlik met die goedkeuring van u kerkraad. Verder is u ook geregtig op opgraderings sonder dat u vir die opgradering moet betaal, behalwe vir posgeld en die koste van die media waarop die opgradering beskikbaar gestel word. Alle kleiner opgraderings word egter op 'n gereelde basis gratis op ons webwerf beskikbaar gestel. U is verder ook daarop geregtig om al ons Winkerk kursusse wat op geskeduleerde datums aangebied word gratis by te woon. Daar is nie 'n beperking op die aantal kursusse wat bygewoon word nie, of ook nie op die aantal persone wat kursusse wil bywoon nie. Kursusse word in elke sinodale area aangebied.

Die een aspek wat na 16 jaar van die bestaan van Infokerk Rekenaar Konsultante steeds die allerhoogste prioriteit in ons besigheid is, is om na ons gebruikers te luister om hulle behoeftes ten opsigte van funksionaliteite in Winkerk te hoor en dit in nuwe weergawes van die program in te bou.
Alle gemeentes waarvan ons 'n eposadres het wat werk en waarvan die posbus nie vol was nie, sou reeds onlangs 'n epos van ons nuwe kliëntediens afdeling ontvang het, waarin u elkeen uitgenooi word om insette te lewer vir die nuwe Winkerk 7 wat tans in ontwikkeling is. Ons wil ook weer met hierdie nuusbrief dit onder u aandag bring dat ons graag u insette wil ontvang om daaraan aandag te gee in die bou van die nuwe Winkerk 7.

Sentrale Register van Lidmate by die kerkargief

Daar is tans geen nuwe inligting rakende die sentralisasie beskikbaar nie en sodra ons meer inligting in dié verband ontvang, sal ons 'n aparte skrywe aan u rig. Enige onduidelikhede rakende die vordering en prosedure, kan met ons hier by hoofkantoor opgeneem word. Sodra ons meer inligting het, sal ons ook Winkerk 6.5 op die internet beskikbaar stel.

Lees asseblief weer ons nuusbriewe op ons webblad in dié verband. U kan dit kry by www.infokerk.co.za.

Winkerk Plus kursusdatums:
Pretoria Kursusse

Datum	Tipe Kursus	Koste
11 Maart	Winkerk Plus - Gevorderd	Gratis + R50 etegeld per persoon
25 Maart	Winkerk Plus - Beginners	Gratis + R50 etegeld per persoon
15 April	Winkerk Plus - Gevorderd	Gratis + R50 etegeld per persoon
6 Mei	Winkerk Plus - Beginners	Gratis + R50 etegeld per persoon
3 Jun	Winkerk Plus - Gevorderd	Gratis + R50 etegeld per persoon

Telefoniese Ondersteuning.
Indien u dalk sukkel om ons telefonies in die hande te kry, moet u assblief daarop let dat gebruikers asb die takkantoor in hulle **eie provinsie** moet skakel vir ondersteuning. Ons ondervind tans by ons kantoor in Pretoria 'n hoë volume oproepe van gemeentes uit die ander streke. Ons het juis takkantore sodat almal ewe maklik gehelp kan word. Gemeentes moet asb daarop let dat slegs gemeentes in Transvaal moet ons kantoor in Pretoria bel vir telefoniese ondersteuning in Winkerk. Ds Henk van Rensburg sal voortaan nie meer telefoniese ondersteuning vir gemeentes in Wes Transvaal doen nie, maar is steeds gemoeid met opleiding.

Indien u die persone in u eie areas nie in die hande kry nie, kan u gerus boodskappe laat dat hulle u moet kontak. U kan of deur middel van 'n SMS of Epos met hulle kommunikeer**. Ons wil regtig baie dringend vra vir u samewerking in dié verband. Indien al die gemeentes net ons Hoofkantoor skakel, moet almal aanhou en almal sukkel om ons te kontak, en sodoende word ons telefoniese ondersteunig lamgelê!! Let asb daarop dat ons kantoorure van Maandag tot Vrydag van 9 uur tot 1 uur is.** Vir ontsluitingskodes in Finkerk, Organoniser, VDM en SALCON moet gemeentes uit alle areas asb ons kantoor in Pretoria bel of die kodes per epos aanvra. **LW: Alle ontsluitingskodes kan ook per epos aangevra word.**

Telefoonnommers:

Ons wil graag weer die nuutste kontakbesonderhede van ons verskillende takkantore onder u aandag bring.

Takkantoor	Kontakpersoon	Telefoon	ePos
Transvaal	Ds Jan Venter	(012) 664-3465 (082) 457-0456	infokerk@global.co.za
Kaap	Ds Danie Batt	(021) 786-3847 (082) 378-8865	danie@blueseaholidays.co.za
Natal	Ds Jamie Rheeder	(033) 386-6158 (079) 497-2596	jrheeder@vodamail.co.za
Namibië.	Ds Milankie vd Walt	(0926461) 27-1694	milankie@bemba5.com
OVS	Ds Jan Els	(056) 515-2247 (083) 329-1007	janels@telkomsa.net

Ander Produkte van Infokerk:

As daar dalk van u is wat nog nie van ons wye reeks produkte kennis geneem het nie, wil ons dit graag aan u bekendstel. Behalwe ons Winkerk verskaf Infokerk ook die volgende produkte:

1. **Finkerk Plus.** Hierdie program is 'n volledige rekenkundige program maar met 'n koppelvlak na die lidmate se besonderhede wat in Winkerk ingevoer is. Anders as ander rekenkundige stelsels op die mark, is Finkerk Plus spesiaal vir die kerk ontwerp en werk dus uitstekend vir lidmaatbydraes en beloofde bydraes van lidmate sowel as afwykingsverslae. Finkerk is ten volle ouditbaar en opleiding in Transvaal word deur CPN Fin Rekenmeesters hanteer.
2. **Organoniser**. Dié program help gemeentes om hulle gemeente-kalenders mee op te stel. Dis baie maklik om te gebruik. Let asb daarop dat die vorige program, Almanc 2000, nie meer onder die nuwe generasie Windows werk nie en dat Organoniser in sy plek geskryf is. Die Almanac 2000 program is reeds sedert 2002 van die mark onttrek en word glad nie meer ondersteun nie. U moet asseblief ook nie meer vir Datastorm kontak in dié verband nie, aangesien hulle selfoonnommer, wat in die program verskyn al 'n geruime tyd aan iemand anders behoort, wat redelik warm onder die kraag raak oor al die Almanac 2000 – oproepe.
3. **VDM Plus** is die ideale oplossing vir die predikant se studeerkamer, met 'n dagboek, logboek en biblioteekstelsel.
4. **MaksiSMS**. Indien u familielid het met 'n besigheid soos 'n bloemiste, of motorhawe, of selfs 'n arbeidsterapeut of Dokter, is dit die oplossing vir sy afsprake. Bring dit asseblief onder hulle aandag om ons te kontak , of kyk by http://www.infokerk.co.za/maxisms.htm na die "Powerpoint Presentation" daarvan.

Soos in die verlede, wil ons u graag tegemoetkom, en sodoende het ons 'n paar spesiale aanbiedinge op ons produkte.



Hierdie spesiale aanbiedinge is geldig tot 31 Maart 2009.

* LW dat opleiding nie by Finkerk se prys ingesluit is nie, en dat daar ook 'n maandelikse tarief van R30 per maand vir Finkerk gehef word.

Opvoedkundige Programme van Info – Edu.

1. **Academix.** Hierdie is 'n visuele – persepsie en leesprogram. Met hierdie program kan leerlinge se akademiese vordering in alle vakke verbeter word.
2. BybelPRET. Hierdie is 'n Bybellees- en speletjiesprogram vir laerskool kinders. Hierdie program kan ook as 'n ideale fondsinsameling vir die gemeente gebruik word.
3. TikPRET. Hierdie is 'n Afrikaanse- Leer- My-Tikprogram.

Groete.
Jan Venter
1 Maart 2009.
Omsendbrief aan Winkerk Gebruikers Mrt2009.doc